

GOEIE VRYDAG

ONDERSTEUNINGSTEKSTE: JES.53: 1-10; MATT.27:27-31; 1TIM.1:15-17

TEMA : WAARTOE IS DIE M(M)ENS IN STAAT?

INLEIDING:

Geliefdes in die Here,

Voor ons geestesoog roep Goeie Vrydag weer die wreedste denkbare metode van marteling wat deur die Romeine gebruik was. Die gesangdigter sê: ***We may not know, we cannot tell what pains He had to bear, but we believe it was for us He hung and suffer there.***

Gepaardgaande daarmee was die vernedering van die persoon wat 'n voorbeeld moes wees vir alle potensiele oortreders en oproermakers om hulle daarvan te laat afsien. Hoe kon die geestelike leiers so hard geword het? Hoe kon die Romeine so hard geword het?

1. WAARTOE IS DIE MENS IN STAAT?

Vriende die proses van kondisionering word gedryf deur vrees en afsku vir ander mense. Dit word gedurigdeur herhaal tot die gewete afgestomp is, totdat jy toekyk sonder simpatie dat 'n man verneder word deur hom te ontbloot, dan lag jy as iemand in die ander se gesig spoeg! dan voel jy niks as 'n doringkroon gevleg en daarop geslaan word nie.

Die wreedheid in ons land laat 'n mens sidder. Dit laat baie mense dink en uitroep vir die terugbring van die doodstraf in Suid-Afrika. Iewers moet geregtigheid geskied, iemand moet betaal! Iewers moet iemand boet! Wreedheid sit egter in elkeen van ons in 'n mindere of meerdere mate as die genade van God nie inskop nie. Op 'n mikroskaal stel ons ons kinders daaraan bloot, deur ons oorleweringe. Ons laat hulle speel met Playstation en dergelike gruwel speletjies en dan gaan hulle uit en vernietig hulle skoolmaats.

In beskaafde lande gaan dit nie so nie, sê ons. Beskawing het 'n ander nadraai want op 'n makroskaal word die bewering gemaak dat gepaardgaande met beskawing gaan die verkryging van die mens gesofistikeerde wapentuig! Wapentuig van massa vernietiging! Waartoe is die mens in staat? Wie kan hierdie vloek verbreek? Dit bring my by my tweede punt.

2. WAARTOE IS DIE MENS IN STAAT

Hier verwys ek na die Seun van die Mens. Jesus Christus. Hy is by magte om te midde van die kruisiging 'n neutraliserings aksie van stapel te stuur. Hy word 'n plaasvervanger, 'n vervloeking in ons plek. Hy boet vir elkeen van ons se gruweldade. Hy breek die vloek wat ons oorkom het van die sondeval af.

Hy neem ons sonde op Hom. Hy word die doodstraf opgele vir ons wreedhede! In Sy sterwensuur spreek Hy egter op Golgotha ons vry: Vader vergewe hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie! Hy leer ons dat die mees volkome vorm van wraak vergifnis is. En dit verander alles! Skielik breek die son deur in die duisternis, die voorhangsel skeur en nuwe moontlikhede is die orde van die dag. Dan vra ons weer:

3. **WAARTOE IS DIE MENS IN STAAT?**

In geloof, in die aanvaarding van die vervloeking van Jesus Christus, in vergifnis soeking, stap een van die moordenaars die paradys binne. Ons kan verander, die vloek is verbreek. Paulus die martelaar, die vervolger maak homself tot voorbeeld en sê: As Hy dit vir my kon doen, as Hy my kon verander *en vergewe*, kan Hy dit vir ander/almal doen. Ek was die slegste! Soortgelyk laat dit die gesangdigter uitbasuin: ***Amazing grace how sweet the sound, that saves a wretch like me! I once was lost but now I'm found.*** Vriende, mense kan verander.

Jesus sê: Kyk ek maak alles nuut! U kan nuut word, u kennise kan nuut word u vyande kan nuut word. Gaan vertel hulle Jesus gee tweede kanse, die ketting van wreedheid, van haat, van veragting, van verontmensliking hoef nie voort te gaan nie. Bring u laste na die kruis, u verwyte, u kwaad vir mense, u onvergewensgesindheid, skud die abuse af, kry 'n nuwe gewete, neutraliseer die kwaad met die goeie!

Kom ons aanvaar die versoening van Christus in ons lewe en word getuies vir ander tot eer van die Held van Golgota!

Mag die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, ons harte en siele bewaar in Christus Jesus Amen.